

NG ALBERTYN

Posbus 7
ELLISRAS
0555

Tel : 014 763 2778

E-pos ngkalbertyn@gmail.com

Akte van opskorting van die Kerkverband met Ring van Waterberg, die Noordelike Sinode en die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Aangesien dit vir die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Albertyn bo alles oor die eer van God gaan (Soli Deo Gloria), en

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Albertyn vashou aan die Bybel alleen as die Woord van God (Sola Scriptura) en die inhoud van die Drie Formuliere van Eenheid (naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) bely omdat dit in ooreenstemming met die Woord van God is, en

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Albertyn bely dat die mens verlos word deur geloof alleen (Sola fidei) in Christus alleen (Solus Christus) uit genade alleen (Sola gratia), en

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Albertyn bely dat geloof sonder werke dood is, en

Aangesien die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk besluite geneem het (bv. besluite oor die persoonlike bestaan van die duiwel en die selfdegeslagverhoudings) wat die eer van God en die uniekheid van 'n gehoorsame lewe aan God aantas, en

Aangesien die Noordelike Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Ring van Waterberg geen duidelike standpunt teen die besluite van die Algemene Sinode ingeneem het nie, en

Aangesien die beskrywingspunte wat die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Albertyn na die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestuur het, feitlik geen aandag ontvang het en ons besware gevolglik nie ernstig opgeneem is nie,

het die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Albertyn **daarom** eenparig soos volg besluit (9 Junie 2024):

1. *Om alle bande met die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Noordelike Sinode en die Ring van Waterberg op te skort.*
2. *Ons bly steeds die NG Kerk Albertyn met behoud van ons identiteit as NG Kerk, derhalwe geskied die opskorting met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts.*
3. *Ons sal voortgaan om betrokke te bly by die Koinonia Sinode en sy werksaamhede.*

Hierdie besluit is op twee agtereenvolgende Sondae in die gemeente afgekondig (14 en 21 Julie 2024), en aangesien geen besware daarteen ontvang is nie, word aanvaar dat die gemeente haar toestemming vir die besluit gegee het.

Geteken:

HG Hoepfner	FA Steyn	28 Julie 2024
Leraar	Skriba	Datum